
# RAMADAN GEBEDS-KALENDER

Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

**15 MEI tot 14 JUNIE 2018**

STAAN DAAGLIKS IN GEBED SAAM MET ONS CHRISTEN-BROERS EN -SUSTERS GEDURENDE RAMADAN



## MEI 2018

**15 WÊRELDWYD** Bid dat Jesus Homself aan baie Moslems sal openbaar in visioene en drome, terwyl hulle vas gedurende Ramadan. Bid ook vir die beskerming van Christene, namate spanning baie hoër kan wees gedurende hierdie maand van vas.

**16 MALEDIVE** Die Maledive is ŉ land wat baie geslote is vir die Evangelie. Ramadan is egter ŉ goeie tyd om Moslems by geloofsgesprekke te betrek. Bid vir God se beskerming en wysheid vir ŉ paartjie, Mark* en May*, terwyl hulle poog om Sy liefde met Moslems te deel gedurende hierdie Ramadan.

**17 SOMALIË** In Somalië floreer djihad-groepe wat bande met Al-Qaeda het. Hulle hou Ramadan-vieringe fyn dop, en vervolg enige iemand wat daarvan verdink word dat hulle nie deelneem nie. Bid veral vir die beskerming van geheime Christene gedurende Ramadan.

**18 NOORD-AFRIKA** Bid vir Christene in Noord-Afrika wat Moslems sal teëkom wat gedurende Ramadan opsoek is na die waarheid – mag hulle geseënde gesprekke met hierdie Moslems hê.

**19 ALGERIË** In Algerië het die druk op Gelowiges vanuit ŉ Moslemagtergrond in die afgelope jare toegeneem. Bid dat God vir hulle krag en wysheid in hierdie weke van Ramadan sal gee, wanneer die druk vanaf hul families, om terug te keer na Islam, mag verskerp.

**20 MOSLEMWÊRELD** In sommige lande, gedurende Ramadan, word Christene deur Islamiete geïntimideer met baie vrae oor hul geloof. Bid dat God vir hierdie Christene die regte antwoorde sal gee en die regte gesindheid teenoor die wat hulle ondervra.

**21 PALESTYNSE GEBIEDE** Terwyl die eerste week van Ramadan tot ŉ einde kom, bid dat God se liefde en genade voortdurend geopenbaar sal word aan almal wat Hom met hulle hele harte soek.

**22 MIDDE-OOSTE** In Moslem-samelewings, gedurende Ramadan, kyk Moslems neer op Christene omdat hulle nie vas nie. Dit lei ook tot teistering (selfs geweld) in die strate, by die werk of by die skool. Bid vir vredegevulde harte vir Christene en dat die Here vir hulle wysheid sal gee om te weet hoe om in die komende weke op te tree.

**23 OOS- EN WES-AFRIKA** Bid dat die oë van die blindes sal oopgaan gedurende Ramadan. En dat Moslems Jesus as die Koning van die konings sal sien, wat gekom het "om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir dié wat opgesluit is" (Jesaja 61:1).

**24 BROENEI** Bid vir God om nuwe Christene soos Victoria* in wysheid te lei. Sy, en baie ander, is steeds geheime gelowiges en ervaar veral Ramadan as ŉ moeilike tyd, vanweë al die Moslem-rituele en gebruike wat waargeneem word.

**25 BANGLADESJ** ŉ Paartjie in Bangladesj, Abu* en Sufia*, beplan om uit te reik na hulle Moslemgemeenskap gedurende Ramadan. Bid dat hulle veilig sal wees, maar ook vrugbaar. Bid ook vir ŉ groep plaaslike gelowiges in die area om veilig, en sonder vrees, God te kan aanbid gedurende Ramadan.

**26 TURKMENISTAN** Hadija* se Moslemman forseer haar om gedurende Ramadan te bid en te vas. Hy weet nie dat Hadija ŉ Christen geword het nadat ŉ vriendin, gedurende een Ramadan, die Evangelie met haar gedeel het nie. Bid vir Hadija se veiligheid, en vir baie ander soos sy, gedurende Ramadan. Mag hulle geliefdes Christus leer ken deur hul lewende getuienisse.

**27 SUIDOOS-ASIË** Moslems wat na Christenskap bekeer ervaar baie probleme om hul kinders as Christene groot te maak. Hulle word geforseer om hul kinders in publieke skole te sit, waar hulle die Koran geleer word. Bid dat gedurende dié maand van vas, God vir hierdie kinders krag en wysheid sal gee, namate hulle dalk baie druk sal ervaar van ander Moslemkinders wat vas.



**28 KAZAKSTAN** Roman*, ŉ toegewyde Moslem, het op een Ramadan-dag besluit om ŉ kerk te besoek en te sien wie die verraaiers van Islam is en dan moeilikheid te maak. Maar toe hy eers binne die kerk was, kon hy nie weer uitloop nie en het hy sy lewe vir Christus gegee. Bid dat God baie Moslems na die kerk sal lei gedurende Ramadan, en dat hulle ook gered sal word.

**29 TSJETSJNIË** Verlede jaar, voor Fatima ŉ Christen geword het, het sy vir meer as vyf jaar aan depressie, vrees en nagmerries gely. Nou wil sy graag sien dat haar ouers ook vir Christus leer ken. Bid dat God, Fatima se lewe en haar gebede sal gebruik om baie mense nader aan Hom te bring. Bid vir ŉ deurbraak gedurende hierdie Ramadan.

**30 SUIDELIKE FILIPPYNE** Een van die grootste vrese wat die Kerk in die Suidelike Filippyne het, soos vertel deur ŉ plaaslike Christen, is, dat "as die Kerk nie uitreik na Moslems nie, dan sal die Moslems uitreik na hulle." Bid dat gedurende Ramadan, God wysheid aan Christene sal gee om uit te reik na hul Moslembure.

**31 MALEISIË** Bid vir ŉ Christenpaartjie wat tans studeer om hul kennis oor die Bybel te verdiep. Hulle beplan om saam met hul Moslemfamilie en vriende te vas tydens hierdie Ramadan, sodat hulle die geleentheid sal hê om Jesus met hulle te deel.

Bid ook dat Jesus sal voortgaan om Homself in drome, visioene en op wonderbaarlike maniere aan biddende Moslems te openbaar, net soos wat Hy vir Mushir in Iran gedoen het. Mushir het tydens Ramadan na God uitgeroep om Hom werklik te ken. Skielik het ŉ prent van die muur afgeval en in stukke gebreek. Toe Mushir die stukke oplig, het hy aan die agterkant van die skildery ŉ prent van Jesus aan die kruis gesien. "God het my gewys wie Hy is – Jesus Christus was Sy antwoord."



## JUNIE 2018

**1 KAMEROEN** In Kameroen, ervaar Christene, veral dié van ŉ Moslemagtergrond, baie druk gedurende Ramadan. Bid dat die Here hulle sal bystaan en beskerm. Bid dat hulle hernude waardering sal hê vir Christus se offer en die vryheid wat hulle in Hom geniet, ten spyte van die vervolging wat hulle ervaar.

**2 IRAN** Baie Irannese keer hulself tot Christus omdat hulle Hom in ŉ droom ontmoet. Bid dat die Here meer van hulle op hierdie manier sal bereik gedurende die Ramadan-seisoen.

**3 PAKISTAN** Bid vir die harte van Pakistan se Moslemleiers, namate die Ramadan-vas voortgaan. Hulle is een van die hoofdrywers van Christenvervolging in die land. Bid dat hulle ŉ ware ontmoeting met "Isa" (Jesus) sal hê en sal besef dat Hy die Messias is.

**4 INDONESIË** Ramadan sal ŉ moeilike tyd vir Christene in Aceh, Indonesië wees. Die hele bevolking onderneem die strewe na heiligheid, wat die druk vermeerder om sjaria-wetgewing in die provinsie toe te pas. Bid asseblief vir die sekuriteit van Christene in Aceh en vir krag om die druk te verduur.

**5 LIBIË** Bid vir krag vir Christene in Libië gedurende Ramadan. Hulle staar baie probleme in die gesig omdat hulle nie aan die Islamitiese rituele gedurende die vas deel neem nie. Bid dat hul getuienis baie Moslems na Christus sal bring.

**6 SAOEDI-ARABIË** Gedurende Ramadan is die druk op geheime gelowiges in Saoedi-Arabië selfs meer intens as gewoonlik. Hulle word gedwing om te vas en te bid soos toegewyde Moslems, sodat hulle nie as afvalliges uitstaan nie. Bid dat hulle, te midde van die duisternis, op Christus sal fokus en in staat sal wees om die druk wat hulle in die gesig staar te verduur.

**7 KATAR** Christene in Katar moet versigtig wees om die Moslemreëls van vas te respekteer. Om in die publiek of selfs in ŉ kar te eet of te drink kan lei tot arrestasie, drie dae in die tronk en ŉ boete. Bid vir wysheid vir hierdie gelowiges, namate hulle die laaste dae van Ramadan betree en met Moslembure omgaan.

**8 EGIPTE** Die laaste week van Ramadan is gewoonlik die moeilikste vir Christene, namate baie Moslems meer toegewyd raak in hulle beoefening van godsdienstige rituele. Moslems sal Christene herinner aan hulle "ongeloof" of hulle daarvoor straf. Bid vir die beskerming van Christene en dat, deur hul getuienis, Moslems se oë sal oopgaan vir die waarheid van wie God is.



**9 NIGERIË** Dit is skokkend dat ŉ gemiddeld van vyf kerke elke Sondag in Nigerië aangeval word, en dat aanvalle boonop gewoonlik styg tydens Ramadan. Bid dat God die wat hierdie aanvalle uitvoer tot berou sal bring.

**10 ETHIOPIË** Bid dat namate die gevaar wat Islam inhou styg, God meer eenheid in Sy Kerk in Ethiopië teweeg sal bring. Mag Moslems wat na God soek gedurende die laaste paar dae van Ramadan, Hom vind deur die voorbeeld van die verenigde liggaam van Jesus Christus.

**11 “NAG VAN KRAG”** Moslems ag die “Nag van Krag” as die heiligste nag gedurende Ramadan – hulle glo die seëninge en genade van Allah is oorvloedig, sondes word vergewe, en versoeke word beantwoord. Baie Moslems het ook bonatuurlike ontmoetings met Jesus gedurende hierdie nag. Bid dat Jesus Homself aan baie Moslems wat na Hom soek sal openbaar.

**12 SENTRAAL-ASIË** Baie gelowiges in Sentraal-Asië is op die vlug vir hul geloof – dikwels van die wat die naaste aan hulle is, soos familielede. Bid vir God se voortdurende beskerming vir hulle namate die maand-lange vas tot ŉ einde kom.

**13 OMAN** Terwyl daar ŉ graad van godsdiensvryheid in Oman is, is Islam die staatsgodsdiens; as ŉ pa byvoorbeeld Islam verlaat, word hy verbied om toesig oor sy kinders te kry. Namate Ramadan tot ŉ einde kom, bid vir Omane, en hul sultan, om hulself tot die een ware Koning te keer.

**14 WÊRELDWYD** Op hierdie laaste dag van Ramadan, dank God saam met ons vir alles wat Hy gedurende hierdie tyd gedoen het, en vir almal wat Jesus ontmoet het, miskien vir die eerste keer ooit! Bid dat die saadjies van die Evangelie wat in die harte van Moslems gesaai is, sal blom.

*Name verander en verteenwoordigende foto’s gebruik vir sekuriteitsdoeleindes.



www.opendoors.org.za/afr

**Geopende *Deure***
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

Open Doors South Africa